**Hoe om u VBO-punte op die webwerf www.cpdsolutions.co.za na te gaan:**

1. Gaan na die webwerf www.cpdsolutions.co.za.
2. Tik u selfoonnommer in by die gegewe spasie.
3. U pinkode behoort outomaties op te kom by die *password or pin* spasie. Indien nie...
4. Click op *Retrieve your pin*. 'n Pinkode sal na u selfoonnommer, wat u ingetik het, gestuur word.
5. Tik nou hierdie pinkode in.
6. U inligting behoort nou op die skerm te vertoon.
7. Indien u persoonlike inligting wil verander gaan heel bo na *My personal details* op die HOME skerm.
8. Indien u u selfoonnommer wil verander gaan na *CPS Solutions via SMS* op die HOME skerm.

**Indien u VBO-punte van 'n geleentheid wil registreer:**

Tik die kode in die spasie verskaf waar daar staan *Submit code*. Net onder *Submit an activity attendance code*. Click dan op *Submit code*.

Of

Stuur die bywoningskode na 31029 deur 'n SMS te skryf wat slegs die kode lys, bv: *B12345*.
Indien die kode nie deurgaan op u kontrak foon nie is die probleem as volg: Sit asb. geld (ongeveer R20.00) op u kontrak foon om 'n SMS na 'n **kort nommer** toe te stuur. U sal sien die SMS sal dan stuur sonder enige probleem.

**As u punte nie op die skerm verskyn nie, kan dit wees dat u gemeente nie aan u naam gekoppel is nie. Doen dan die volgende:**

Gaan na www.cpdsolutions.co.za/gemeente.
Kies 'n sinode. (Druk *Soek*)
Kies 'n ring. (Druk *Soek*)
Die bladsy met *Koppel 'n gemeente aan u profiel* sal verskyn.
Tik u selfoonnommer in.
Kies u gemeente.
Druk *Koppel hierdie gemeente*.

Of

Om u aan u ***gemeente*** te koppel, stuur 'n SMS met die woord gemeente, gevolg deur 'n spasie en u gemeente se naam. Belangrik is dat die spelling soos in die Jaarboek gebruik word. Bv: Gemeente Bloemfontein-Noord. (Sien ook lys by: www.cpdsolutions.co.za/gemeente). Indien in nuwe gemeente herhaal bogenoemde met nuwe gemeente se naam.